

Dagsê alle belangstellende in die geskiedenis van ou Pretoria, Ek het besluit om so 'n bietjie te gaan kyk wat die koerante van daardie tyd te sê gehad het oor die ontstaan van die Pretoriase Vrywillige Artilleriekorps. Dit was natuurlik die voorloper van die latere Staatsartillerie.

Aankoms van Kaptein Riedel [De Volksstem 10 Januarie 1874]

Maandag [5 Januarie 1874] het die heer Riedel, offisier van die Duitse leer, hier aangekom. Hy het die Frans-Duitse oorlog meegemaak, is by die slag van Gravelotte gewond en was by die intog van die Duitsers in Parys.

Op Donderdag [8 Januarie 1874] is Riedel ingesweer as kaptein en instrukteur van die toekomstige Artilleriekorps. Saam met hom is die heer Noble ingesweer as Luitenant van die Artillerie.

Riedel se taak sou wees om toesig te hou oor alle wapens wat aan die Republiek behoort en om mense te onderrig in die gebruik van die wapens. Sodra die seisoen dit toelaat, sou hy self na Delagoa Baai gaan om nuwe wapens te gaan haal en die wapens na Pretoria begelei.

Hierdie week sal hy ook 'n vergadering hou om 'n vrywilligerkorps op die been te bring. Hy hoop dat almal hul bloed sal opoffer vir hul Vaderland of aangenome Vaderland.

Iets meer oor James William Noble. Hy word in Maart 1873 aangestel as sekretaris van pres. Burgers. Hy was 'n kranige krieketspeler en het in menige wedstryde gespeel. In Julie 1874 plaas sy vrou Clara 'n advertensie in die koerant. Sy gaan, bygestaan deur haar broer von Levitsow, musiek- en dansklasse gee aan die jongdames van Pretoria. James Noble se dogter word gebore op 2 November 1874 te Meclenburg Villa en op 30 November sterf sy vrou. In Januarie 1875 word hy ontslaan as Luitenant van Vrywillig Artilleriekorps.

Ek dwaal nou alweer van die punt af, maar nog iets interessant oor Noble/von Levitsow. In Oktober 1873 het pres. Burgers teruggekeer van 'n besoek aan Leydenburg en die Goudvelde. Hy het twee klonte goud van onderskeidlik 16½ oz en 22 oz 17½ duts genaamd die Emma en die Adeline teruggebring. Die goud tesame met fotos van sy reis is in die ou Raadsaal uitgestal. Noble het toesig gehou by die uitstalling en die jongej. Von Levitsow het die geld by die deure ingeneem. Daar is £5 ingesamel wat geskenk is aan die dames van Pretoria se bazaarfonds wat hulle wou gebruik vir die oprigting van 'n konsertsaal vir Pretoria.

Kennisgewing van Vergadering [De Volksstem 10 Januarie 1874]

In dieselfde koerant het die volgende kennisgewing verskyn. Saterdag 10 Januarie om 12 uur sal 'n byeenkoms in die Volksraadsaal gehou word van al die burgers van Pretoria om te beraadslaag oor die oprigting van 'n Vrywillige Artillerie Korps. Ons vertrou dat almal die vergadering sal bywoon.

Verslag van Vergadering [De Volksstem 17 Januarie 1874]

Die vergadering word deur die Staatspresident geopen met 'n versoek aan J.R. Lys om die voorsitterskap van die vergadering te aanvaar. Daarna vra Lys die President om te sê op watter wyse en op watter voorwaardes die korps opgerig sal word.

Die President antwoord: Ons het tans kanonne van die nuutste uitvindings en die beste modelle en ek stel voor dat ons 'n korps van Vrywillige Artilleriste begin. Hulle sal hul eie wette maak, wat aan die goedkeuring van die Wetgewende mag onderwerp sal wees, hul eie offisiere kies en onderrig van kapt. Riedel ontvang.

Die volgende vergadring sal Maandag om 3 uur in die Landdroskantoor wees. Dan sal, onder voorsitterskap van J.R. Lys, begin word om wette en bepalings te maak en om offisiere te kies. Ons wens die vergadering veel sukses toe en hoop om later ook ander vrywilligerkorps op te rig bv. 'n kavalleriekorps, vir die swaarder manne.

Verskeie vrae word gevra. Jackson wil weet of die Goewerment perde en uniforms sal voorsien. Waarop die president antwoord dat die Goewerment nie perde en uniforms sal voorsien nie maar sal moontlik aan elke vrywilliger 'n swaard toeken. Perde sal slegs voorsien word om die stukke [ek dink hulle bedoel die kanonne] te trek. Die keuse van uniforms word aan die korps oorgelaat maar die voorstel is om dit so eenvoudig as moontlik te maak.

Die volgende manne het hul name opgeskryf as vrywilligers:

William Harris;	Paul Mare;	Jas. Buchannan;	T. Jackson;
J.C. Minnaar	K. Jeppe;	C.A.E. Becker;	R. Jackson;
J.C. Preller;	F.C. Rex;	J.C. Krogh;	W.S. Rens;
H.W.A. Cooper;	J. Swart;	Henry Russel;	J. de Meillon;
R.K. Loveday;	N.J.R. Swart;	T.N. de Villiers;	Raphael Argadona;
A.C. Meintjes;	D. Schutte;	J.A. de Vogel;	Fritz Stiemens;
W.R. Meintjes;	J.R. Lys.		

#### Wie was die manne?

Meeste van hulle het op een of ander stadium krieket gespeel. Dit lyk asof dit die gemeenskaplike faktor was. Daar was heelwat staatsamptenare [Buchanan, Becker, De Vogel, Loveday, A.C. en W.R. Meintjes, Minnaar, en N.J.R. Swart], die advokate en prokureurs was ook goed verteenwoordig [Buchanan, Cooper, De Villiers en Preller] en dan was daar natuurlik 'n hele paar sakemanne [de Meillon, Jockson, Lys, Mare en Russel].

In dieselfde koerant het die radakteur [J.F. Celliers, vader van die digter Jan F.E.] die volgende oor die vergadering te sê: Verlede week is 'n vergadering gehou vir die stigting van 'n Artilleriekorps te Pretoria. Ons meen dat dit 'n stap ten goede is. Almal weet dat die Goewerment kort tevore 'n hoeveelheid kanonne, mitraileuses ens. van die jongste uitvindings ontvang het. Dit is ook bekend dat kaptien Riedel, wat in die Frans-Duitse oorlog geveg het, uitgekom het om toesig oor die krygstuig te hou en om mense op te lei in die gebruik daarvan.

Ons verneem dat die idee is om op een van die hoogtes rondom Pretoria 'n fort te bou, net soos die in Bloemfontein. Die Kommandant Kaptien Riedel, een Luitenant en vyf sersante sal in die fort woon. Dan sal 25 jong manne [bo die ouderdom van 17 jaar] beurtelings van die verskillende distrikte opkom om vir twee maande teen betaling in die fort te bly. Gedurende die twee maande sal hulle opleiding kry as artilleriste. In hul vrye tyd sal hulle ook in lees en skryf onderrig word. Die Pretoria byeenkoms kan as 'n sukses beskou word.


### Oefening en Vergadering [De Volksstem 24 Januarie 1874]

In die koerant is daar ‘n kennisgewing wat bepaal dat die oefening elke Maandag en Donderdag middag om 5 uur op die bult by die landsstal sal plaasvind. [Waar dit is kon ek nog nie uitvind nie. Du Toit se kaart wys ‘n klipbult en ‘n droge klipbult aan omtrent waar die Brandweerstasie tans is, en ‘n bietjie verder suid [naby Salvokop] wys hy ‘n “Magazyn plaats by den Bosch” aan. Is dit moontlik waar die oefeninge was?]

Die verslag oor die volgende vergadering: J.R. Lys is gekies as voorsitter van ‘n komitee bestaande uit Buchanan, Rex, Preller, en Rous en sal bygestaan word deur Kaptein Riedel en Luitenant Noble. Die komitee sal later vergader om die wette en regulasies vir die korps op te stel.

[By die bepalings van die uniforms word gepraat van “groot tenue” en ‘n “klein tenue”. Die woordeboek sê ‘n groot tenue is ‘n “full dress uniform” en ‘n klein tenue is ‘n “undress uniform”, nou het ek ook weer iets geleer].

Na heelwat diskussie word bepaal dat die groot tenue blou sal wees met rooi “afgezet”. Die hoofdeksel sal ‘n helm wees. Die wapens vir die offisiere sal wees ‘n kavalleriesabel en ‘n revolwer en vir die kannoniers ‘n geweer met ‘n sabelbajonet. Die klein tenue sal wees wit met rooi afgezet. Later, na die eerste paar oefeninge sal die offisiere gekies word.



**‘n Groep van die manne in 1875. Van links na regs op die foto is: Knapp [‘n Duitser en ‘n onderoffisier], A. von Levetsow [“bombadier”], Kaptein Riedel, Luitenant Johnstone, Fritz Stiemens. Die naam van die persoon heel regs is onbekend.**

In een van die vorige briewe het ek genoem dat kapt. Riedel ‘n gimnastiekklub vir jong seuns begin het. In die agtergrond kan van die gimnastiekapparaat gesien word. Die oefenplek van die gimnastiekklub was in die “Arsenal Yard” agter die hofgebou. Daarvan word ook gepraat as die “Courtyard” agter die Goewerment gebou. In daardie jare is die ou huis van Austen, waar die Poskantoor vandag is, gebruik as Landdroskantoor, hof en ook goewermentskantore. Ek kon tot dusver nog geen foto van Kerkplein opspoor wat geneem is voordat die Poskantoor gebou is nie. [Is dit waar die foto geneem was?]

### Wette en Regulasies [De Volksstem 7 Februarie 1874]

Die volledige wette word in die koerant gepubliseer. Ek noem net 'n paar: Dit sal bestaan uit 30 lede en die Pretoria Vrywillige Artilleriekorps genoem word.

Uniform in groot tenue sal wees navy blou materiaal tuniek en broek met rooi afgeset. Wit kurk helmhoede, by offisiere ook die nodige onderskeidingstekens. Uniform in klein tenue sal wees blou serge Garribaldi hemde en broeke met rooi afgeset en musse met wit "overtrokken". [ek sien darem hulle het hier afgesien van die wit klere waarop die vorige vergadering besluit het]

Dril tyd Maandag en Donderdag. In die somer 5:30 tot 7 uur en in die winter 4 tot 5:30. Boete vir nie bywoning van oefening word vasgestel op 2/6 en vir laatkom 1/-. Alle lede moet ouer as 17 jaar wees.

Voorlopig word Lys benoem as kommanderende offisier en Rex as diensdoende sersant majoor.

### Eerste Les

In dieselfde koerant word ook volledig beskryf hoe die eerste les gegee word in "het aanlegging". Daar word beskryf hoe die skyf geplaas word en hoe hulle mik met die hulp van 'n paar los papiere. Ek verstaan nie mooi hoe dit werk nie maar die koerant is hier by my beskikbaar as iemand dit wil oplees. Argedonna was Maandag reeds in uniform. Die uniform is eenvoudig en netjies en lyk heeltemal doelmatig.

Tot sover oor die eerste paar weke van bestaan van die Vrywillige Artilleriekorps.



Hier is 'n foto van die drie manne van die Transvaalse Artillerie [nie meer die vrywillige korps nie] met die vierkleur. Ek het al heelwat fotos gesien met 'n slagspreuk of boodskap op die vlag geborduur. As mens die twee fotos vergelyk lyk die uniforms op die eerste foto definitief tuisgemaak.

Groete tot volgende maand.  
Rosa Swanepoel